higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

BEDRYFSBESTUUR
NKR VLAK 2

(3021012)

2 Maart 2020 (Y-vraestel)
13:00–15:30

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

184Q1S2002

Kopiereg voorbehou

TYD: 2½ UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op 'n skoon bladsy.
5. Gebruik slegs 'n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer

1.1.1 'n Rekord van die items tot jou beskikking:

A Inventaris
B Bates
C Ad hoc
D Netwerk

1.1.2 Regulasie wat deur die parlement goedgekeur word:

A Verpligtend
B Mosie
C Orde
D Wet

1.1.3 Voorstelbusse by kasregisters waar kliënte die vlak van dienslewering wat hulle ontvang het, beoordeel:

A Onderhoude
B Opnames
C Promosies
D Assessering

1.1.4 Gelukkige werknemers het 'n positiewe impak op die mededingendheid en winsgewendheid van die onderneming:

A Scenario
B Dissipline
C Motivatering
D Omset

1.1.5 'n Stel reëls wat riglyne gee oor hoe dinge in die organisasie gedoen word:

A Beleid
B Missie
C Visie
D Stelling

(5 × 1) (5)

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.15) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.2.1 Die Wet op Arbeidsverhoudings stipuleer sekere minimum vereistes ten opsigte van die behandeling van werkers.

1.2.2 'n Beleid oor openbare betrekkinge moet vir die opleidings-behoeftes van werkers voorsiening maak.

1.2.3 Verkryging van goeie verskaffers is 'n element van 'n totale gehaltebestuurbeleid.

1.2.4 Indien beplanning swak is en prosedures nie werk nie sal dit in die kwaliteit van die finale produk weerspieël word.

1.2.5 Onderhoude word gebruik om statistiese data oor verbeterings in prosedures of die gebrek daaraan, te ontleed.

1.2.6 Die programme van 'n onderneming behels dat die fabrieksuitleg doeltreffend geherorganiseer word om die ruimte te optimaal te benut.

1.2.7 Die MH-bestuurder moet om finansiële, wettige en besigheidsredes die vervoerfunksie uitvoer.

1.2.8 Kapasiteit beteken dat mense en departemente gekombineer word sodat dit meer doeltreffend kan funksioneer.

1.2.9 Die finale gesag vir die uitvoering van bedryfsaktiwiteite rus by die bedryfsbestuurbeampte.

1.2.10 Om 'n sake-idee te ontwerp en te ontwikkel is 'n komponent van 'n besigheidstelsel.

1.2.11 Installering is een voorbeeld van 'n naverkoopdiens.

1.2.12 Kliënte het nie noodwendig 'n verhouding met die verkoper nie en baseer hulle keuses op die prys en beskikbaarheid van goedere.

1.2.13 As belanghebbendes, het werknemers 'n belang by die finansiële prestasie van die organisasie.

1.2.14 Harmonie is die tydperk waarin verandering gebeur.

1.2.15 'n Toesighouer kan waarneem en assesseer om kwaliteit te evalueer.

(15 × 1) (15)

Kopiereg voorbehou

1.3 Voltooi die volgende sin of sinne deur die ontbrekende woord of woorde langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.3.1 'n … -besigheidstelsel verseker dat die korrekte aantal personeel, wat oor die nodige kwalifikasies en vaardighede beskik, in 'n organisasie beskikbaar is.

1.3.2 'n … is die wyse waarop dinge gedoen word en vereis 'n kombinasie van mense, materiale en tegnologie om die besigheidsdoelstellings van die onderneming te bereik.

1.3.3 'n … -beleid omskryf hoe, wat en van wie die onderneming goedere, grondstowwe en skryfbehoefte sal verkry.

1.3.4 Die … departement is verantwoordelik vir 'n beleid wat gaan oor die verkryging van fondse en kontrolering van oorbesteding in 'n onderneming.

1.3.5 Waardevolle hulpbronne met 'n langtermyn lewensduur wat gebruik word om besigheidsaktiwiteite uit te voer, staan bekend as …

(5 × 2) (10)
[30]

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

VRAAG 2

Lees die artikel hier onder en beantwoord die vrae.

GOGO MAAK MAGIESE VOL

Loop deur Munsiville op 'n Dinsdag of 'n Woensdag en jy mag dalk op die reuk van vars tuisgebak afkom. Hierdie smaaklike aromas sal jou direk na gogo Anna Makgele se kombuis lei. Aan die einde van verlede jaar het Anna, wat almal se gogo is, besluit om 'n sopkombuis, wat tans as Lethabo Soup Kitchen (LSK) bekend staan, te begin.

'Ek het besef hoe jong kinders, veral diegene tussen vyf en 13, deur wanvoeding en die nadelige gevolge van gemorskos, geaffekteer word. Die gewilde snoephappies van straatsmouse bevat gewoonlik hoë vlakke van suiker, sout en ander bymiddels wat nie baie gesond vir hulle is nie,' sê sy.

Die idee van 'n sopkombuis het later in 'n naskoolse gemeenskapsvoedingskema ontwikkel, wat daarop gemik is om in 'n gemeenskapsgerigte program te groei wat wanvoeding as gevolg van swak eetgewoontes wil takel. 'Ons hoop om 'n meer gesonde en veiliger plek te skep, om kinders groot te maak, in 'n omgewing wat deur uitdagings omring word, wat met stedelike sosiale ontwikkeling gepaard gaan. Ons wil sorgvuldig oorweegde alternatiewe vir die gemorskos van straatmouse aanbied,' verduidelik sy.

Anna en haar span bedien tans kos aan tot 400 kinders, twee keer 'n week. Op die ander dae is haar erf in die middag vol kinders wat speel en rondhardloop. Dit hou hulle weg van die strate en uit die moeilikheid. 'My huis is soos 'n tweede huis vir menigde en hulle geniet dit hier. Ek wil nie meer sien hoe kinders in vullis moet krap, op soek na kos nie. Ek wil aan hulle warm, voedsame maaltye voorsien,' sê Anna.

Aangesien Anna vir alles met haar maandelikse pensioen betaal, wil sy graag 'n beroep op die gemeenskap doen om ook hulle harte oop te maak, want sy wil soveel kinders as moontlik help. Diegene wat belangstel om 'n hand by te sit kan haar kontak by 072 950 8968 of 'n e-pos stuur aan: lethabosk2067@gmail.com.

[Bron: *Krugersdorp News*, 8 Junie 2018]

2.1 Noem en verduidelik wat in Lethabo Soup Kitchen se weeklikse aksieplan vervat moet wees. (5 × 2) (10)

2.2 Identifiseer TWEE doelwitte vir LSK. (2)

2.3 Verduidelik hoe die tegnieke vir volgehoue verbetering in hierdie organisasie toegepas kan word. (3 × 2) (6)

2.4 Noem die tipe beleide wat LSK moet hê. (4)

[22]

VRAAG 3

3.1 Diegene wat daarin belang stel om vir Anna te help kan haar by 072 950 8969 kontak of 'n e-pos stuur aan: lethabosk2067@gmail.com.

3.1.1 Stel voor VYF eksterne belanghebbendes wat vir LSK kan help om sy droom te bewaarheid. (5)

3.1.2 Wat sal die rol wees van elke belanghebbende wat in VRAAG 3.1.1 genoem is? (5)

3.2 Hoe kan Anna aan die breër bestuursfunksies van 'n bedryfsbestuursbeampte uitvoering gee? (5 × 2) (10)

3.3 In die uitvoer van die bestuursfunksie moet Anna sekere besluite neem om die doeltreffenheid van LSK se bedrywighede te verseker.

Beskryf DRIE tipes besluite wat Anna as bedryfsbestuursbeampte moet neem. (3 × 2) (6)

[26]

VRAAG 4

4.1 Jy moet vir Anna help om te sorg dat die veiligheidsmaatreëls nagekom word.

4.1.1 Noem VIER goed wat jy in die gesondheids- en veiligheidsprogram vir LSK sal insluit.. (4)

4.1.2 Noem VIER goed wat op 'n beroepsbesering kan volg? (4)

4.2 LSK moet aan industrie-standaarde voldoen.

Noem die stappe wat Anna moet volg om 'n ontvangspersoon vir haar organisasie aan te stel. (6 × 1) (6)

4.3 Verduidelik waarom dit belangrik is dat Anna die infrastruktuele funksie moet uitvoer. (4 × 2) (8)

[22]

TOTAAL AFDELING B: 70
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou